

Brown, C.

Article

Die soziale en gemeenskapsdinamika van projekbestuur

South African Journal of Business Management

Provided in Cooperation with:

University of Stellenbosch Business School (USB), Bellville, South Africa

Suggested Citation: Brown, C. (1995) : Die soziale en gemeenskapsdinamika van projekbestuur, South African Journal of Business Management, ISSN 2078-5976, African Online Scientific Information Systems (AOSIS), Cape Town, Vol. 26, Iss. 4, pp. 136-151, <https://doi.org/10.4102/sajbm.v26i4.833>

This Version is available at:

<https://hdl.handle.net/10419/218148>

Standard-Nutzungsbedingungen:

Die Dokumente auf EconStor dürfen zu eigenen wissenschaftlichen Zwecken und zum Privatgebrauch gespeichert und kopiert werden.

Sie dürfen die Dokumente nicht für öffentliche oder kommerzielle Zwecke vervielfältigen, öffentlich ausstellen, öffentlich zugänglich machen, vertreiben oder anderweitig nutzen.

Sofern die Verfasser die Dokumente unter Open-Content-Lizenzen (insbesondere CC-Lizenzen) zur Verfügung gestellt haben sollten, gelten abweichend von diesen Nutzungsbedingungen die in der dort genannten Lizenz gewährten Nutzungsrechte.

Terms of use:

Documents in EconStor may be saved and copied for your personal and scholarly purposes.

You are not to copy documents for public or commercial purposes, to exhibit the documents publicly, to make them publicly available on the internet, or to distribute or otherwise use the documents in public.

If the documents have been made available under an Open Content Licence (especially Creative Commons Licences), you may exercise further usage rights as specified in the indicated licence.



<https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>

Die sosiale en gemeenskapsdinamika van projekbestuur

C. Brown

Nagraadse Bestuurskool, Universiteit van Stellenbosch, Posbus 610, Bellville, 7535 Republiek van Suid-Afrika

Ontvang Augustus 1995

The need for the study originated mainly from the political reforms in South Africa, which have incited public insistence on community involvement in the planning, decision-making and execution of projects which people perceive are of concern in their everyday lives. Many project managers in South Africa are faced with hitherto unknown social forces and elements in the execution of their missions, which they are often not adequately trained for. The purpose of the study is to extend the 'conventional' project management processes to include community participation, because in the past, the social system(s) within which projects are situated and the social dynamics inevitably evoked by the implementation thereof, were too often ignored. The article considers an appropriate meaning of community participation, which *inter alia* means that the community be enabled to influence the direction and outcome of projects. That implies that managerial decisions will in future have to involve social besides economic choices. The overriding importance of the search for common interests is emphasized. A model for involving the community in project-concept forming is presented. The article concludes with a basic truth, namely that there are many projects which will simply not succeed without full consultation with the community from the earliest possible stage.

Die behoefte vir hierdie studie het ontstaan uit die politieke hervorming in Suid-Afrika wat openbare aandrag op gemeenskapsbetrokkenheid in die beplanning, besluitneming en uitvoering van daardie projekte wat mense dink hulle daaglikse lewens sal raak, aangevuur het. Gevolglik word baie projekbestuurders in die uitvoering van hulle missies nou gekonfronteer met sosiale kragte en elemente wat tot dusver vir hulle onbekend was en waarvoor hulle waarskynlik nie behoortlik opgelei is nie. Die doelwit van die studie is om die 'konvensionele' projekbestuursprosesse uit te brei om gemeenskapsdeelname in te sluit, omdat die sosiale stelsel(s) en dinamika waarin die projekte gesetel is, in die verlede te dikwels geïgnoreer is. Die artikel behandel die ware betekenis van gemeenskapsdeelname wat onder andere beteken dat die gemeenskap in staat gestel moet word om die rigting en resultate van projekte te beïnvloed. Dit impliseer dat bestuursbesluite voortaan ook op sosiale benewens ekonomiese keuses gebaseer moet wees. Die soeke na gemeenskaplike belange word beklemtoon. 'n Model vir die betrekking van die gemeenskap in die formulering van die projekkonsep word aangebied. Die artikel sluit af met 'n kontemporêre basiese waarheid, naamlik dat baie projekte eenvoudig nie sal slaag sonder volledige konsultasie met die gemeenskap vanaf die vroegste oomblik nie.

Inleiding

Die behoefte vir hierdie studie ontstaan primêr uit die vanselfsprekende, maar noodsaaklike rol van projekbestuur in die Heropbou en Ontwikkelingsprogram (H.O.P.) vir Suid-Afrika. In die verlede was die meerderheid van die bevolking hoofsaaklik betrokke by vraagstukke wat die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap geraak het, byvoorbeeld apartheid. Die onlangse transformasie in die makro-politieke omgewing, die sosio-ekonomiese veranderinge veroorsaak deur, sowel as die algemene doelwitte van die H.O.P., het egter 'n klemverskuiwing veroorsaak waardeur gemeenskapsleiers en die algemene publiek skerp op sosiale vraagstukke binne hulle eie (mikro)gemeenskappe gefokus geraak het. Vir ingenieurs en projekbestuurders lei dit in die uitvoering van hulle missies tot toenemende konfrontasie met sosiale kragte en elemente wat tot dusver hoofsaaklik onbekend vir hulle was, waarvoor hulle nie opgelei is nie en waartoe 'n dringende heroriënteringsbehoefte ontstaan het. Hierdie sosiale kragte ontstaan hoofsaaklik uit die demokratiseringsprosesse en manifesteer in openbare aandrag op gemeenskapsbetrokkenheid in die beplanning, besluitneming en uitvoering van daardie projekte wat mense dink hulle daaglikse lewens sal raak.


Die doelwit van die studie is om die tekortkominge in die 'konvensionele' projekbestuursprosesse aan te spreek, wat skynbaar ontstaan het weens die verontagsaming van die sosiale kragte en die sosiale stelsel(s) waarin projekte geïmplementeer moet word. Karige aandag is in die verlede aan die breë sosiale faktore van projekbestuur en aan die betrokkenheid van die bevoordeeldes in projekbeplanning en projekimplementering deur projekbestuurskursusse, hand-

boeke en studiemateriaal bestee (Bamberger, 1988: 19). Selfs die PMBOK¹ is hieraan skuldig. Ervaring oor 'n wye front in Suid-Afrika sowel as literatuur oor ervaring elders het egter bevestig dat juis die ignorering van hierdie 'sosiale dinamika' 'n belangrike faktor in die mislukking van projekte in Suid-Afrika is. Hoewel dit tans eintlik net waar is van openbare sektorprojekte wat dienste aan onderontwikkelde gemeenskappe moet lewer, is dit ook vinnig besig om van die uiterste belang vir die privaatsektor te word, omdat privaatsektor projekte voortaan na alle gemeenskappe geneem sal moet word en nie slegs in 'gerieflike' gebiede geplaas kan word nie.

Wat beteken sosiale en gemeenskapsdinamika in die konteks van projekbestuur?

In die eerste plek is die basiese vertrekpunt van hierdie studie 'n **stelselsbenadering** waarin die projek beskou word as 'n **element**, en wat dus 'n **interaksie het met al die ander elemente** van die **sosiale stelsel** van die betrokke gemeenskap waarin of waarvoor die projek beoog word. Vir 'n nominale voorstelling van die elemente van so 'n stelsel, kyk na Bylae A. Dit is die 'sagte' benadering, in teenstelling met die 'harde' benadering wat konvensioneel deur ingenieurs gevolg word, soos in Figuur 1 geïllustreer word.

In die tweede plek word aksiomaties aanvaar dat enige projek wat in 'n gemeenskap geïmplementeer gaan word, emosies van een-of-ander aard sal ontketen wat sal lei tot dinamiese sosiale interaksie binne die teikengemeenskap, asook met die projekspan. Die projekbestuursprosesse en projekbestuurstrukture sal hierdie gemeenskapsdinamika moet ondervang, verstaan en korrek reflekteer.



Bron: skrywer se eie verwerking

Figuur 1 Harde en sagte stelsels van projekbestuur

In die derde plek impliseer die voorafgaande besprekings dat 'n gemeenskapsoriëntering van die bestuur van die projek fundamenteel is tot die suksesvolle implementering daarvan. Dit lei tot die begrip 'gemeenskapsdeelname aan projekbestuur' wat gebaseer word op 'n program van interaksie en aktiewe kommunikasie en raadpleging tussen die projekspan en die geaffekteerde gemeenskap, waarvoor later uitgebrei sal word.

Vierdens moet in die geval van Openbare sektorprojekte onderskei word tussen die voordeeltrekkers van die projek (wat die voordele ontvang maar vir weinig koste aanspreeklik is) en die projekpromotor (wat nie die direkte voordele ontvang nie, maar die projek help inisieer en vir die meerderheid koste verantwoordelik aanvaar). Die eersgenoemde kan beskou word as die 'kliënt(e) vir die produk' en die laasgenoemde as die 'kliënt vir die projek'. Hierdie onderskeid is noodsaaklik omdat 'n 'twee-kliëntebenedering' impliseer dat konsensus tussen die kliënte aangaande die projek van primêre belang is. Ook dat die partye wat by die projek betrokke is, gedurende die hele lewensiklus daarvan gewikkel is in 'n soeke na die balans tussen aktiewe beïnvloeding van die rigting en resultate van die projek deur die eersgenoemde 'kliënt' en realistiese besluitneming ten opsigte van die fisiese en fisiese beperkings deur die laasgenoemde.

Vyfdens het sosiale dinamika hoofsaaklik betrekking op kommunikasieprosesse. Kommunikasie is voor-die-hand-liggend nodig vir die fasilitering van die deelname van die gemeenskap aan die formulering van die projekomvang, sowel as die ontwikkeling van die prosesse en strukture om sodanige deelname te verkry. Vir effektiewe kommunikasie moet voorsiening gemaak word vir die identifisering van die 'ware' gemeenskapsleiers, die organisering van die gemeenskap in verteenwoordigende en onderhandelingsstrukture en gereelde terugvoering aan die gemeenskap om sodoende aanvaarding (soms 'eienaarskap') van die projek in hulle omgewing te verhoog.

Daar word gereeld deur die media berig oor weerstand teen, of ontevredenheid van inwoners oor spesifieke of voorgestelde projekte wat hulle dink hulle gemeenskap sal raak. In 'n onlangse opname onder senior amptenare van plaaslike owerhede in die Weskaap Provinsie met betrekking tot die oorsake van sulke ontevredenheid, het die respondente gereageer soos in Tabel 1 aangetoon.

Daar is dus klaarblyklik voldoende konsensus oor die fundamentele belang van kommunisering met die gemeenskap by die uitvoering van projekte as 'n voorvereiste om suksesvol te wees.

In die laaste instansie bied sinvolle interaksie met die gemeenskap die voordeel van die benutting van die kennis van

Tabel 1 Oorsake van ontevredenheid met projekte

Oorsaak van ontevredenheid	Stem saam	Onseker	Stem nie saam nie
Noodsaaklikheid van projek word nie effektief aan gemeenskap gekommunikeer nie	78%	9%	13%
Gebrek aan vestiging van projekteienaarskap by die gemeenskap	88%	7%	5%
Nie-effektiewe terugvoer oor projekvordering na gemeenskap	77%	15%	8%
Gemeenskap se behoefte aan terugvoer nie geïdentifiseer nie	71%	24%	5%
Onvoldoende onderhandelings oor gemeenskap se verwagtinge met betrekking tot realistiese besluitneming	75%	20%	5%

Bron: Brown (1994:6)

plaaslike omstandighede oftewel 'inheemse tegniese kennis', wat soos volg deur Chambers omskryf word:

'Indigenous technical knowledge (ITK) is now respected more, and valued not only for its validity and usefulness, but because it is part of the power of the poor. ITK is strong on knowledge of local diversity and complexity, precisely where outsiders' knowledge is weak. In rapid change, its advantages over outsiders' knowledge are even greater' (1993: 11).

Omskrywing van gemeenskapsdeelname

Daar bestaan verskeie standpunte oor wat gemeenskapsdeelname behels. Volgens Paul (1987: 2) word die term soms gebruik om aktiewe deelname aan politieke besluitneming te beteken; die aktivistiese standpunt is dat die publiek ('the people') betekenisvolle beheer oor die produklewering-proses moet hê; en ontwikkelingsekonome neig om deelname te definieer in terme van billike verdeling van die voordele van projekte. Verder, om 'n definisie van werklike deelname deur gemeenskappe aan die bestuur van projekte te kan formuleer, moet gemeenskapsdeelname, volgens Bamberger (1988: 5), nie met gemeenskapsontwikkeling verwar word nie. Die laasgenoemde, wat 'n populêre konsep in die 1960's was, word nou beskou as om 'n kolonialistiese en neerbuigende betekenis te hê (Bamberger, 1988: 5). Dit geld ook vir die terme 'sosiologiese en/of ekonomiese opheffing' (Mokgoro, 1993). Die rede vir gemeenskapsdeelname behoort dus nie te wees om mense 'op te hef' nie, maar om die publiek 'n deelname te gee aan besluitvorming' oor sake wat die potensiaal het om hulle lewens te beïnvloed, soos gestel in Cuta (1990: 9) 'opening up greater access to the decision making process to all people'. Met inagneming van die bogenoemde bespreking word die definisie van Paul, effens aangepas vir die doeleindes van hierdie referaat, derhalwe as die korrekte voorgestel:

'Gemeenskapsdeelname aan projekbestuur is die aktiewe proses waardeur bevooroordeelde/kliëntgroepe die rigting en uitvoering van 'n projek beïnvloed, eerder as om slegs gekonsulteer te word of om net 'n deel van die projekvoordele te verkry' (1987: 5).

Hierdie definisie hou 'n aantal belangrike oorwegings vir die projekbestuursproses in.

Eerstens is die konteks vir die deelname die definiering van die doelwitte en produkte van die projekte en nie die beheer oor die projekbestuur as sodanig nie. Gemeenskapsdeelname kan baie maklik lei tot prysgawe van die beheer oor die projekbestuursproses aan die publiek, wat Bamberger (1988: 11) onwrikbaar glo nooit moet gebeur nie, niesteenstaande die beste bedoelinge met deelnemende aksies. Die breë publiek beskik nóg oor die opleiding nóg oor die insig om die tegniese en bestuursbesluite te kan neem wat nodig is om 'n gladde uitvoering van die proses te verseker. Dit impliseer ook 'n afsnypunt waar die deelnemende aksies van die publiek oorgaan in bestuur deur die projekspan, soos aangetoon in Bylae B.

Tweedens is die fokus op die deelname van die geaffekteerde gemeenskap en nie op die van die projekpromotor of projekdonateur(s) nie. Wat van primêre belang is, is die aanvaarding van die projek of die produkte daarvan in die sosiale stelsel waarin dit geleë sal wees, want dit is wat die implementering en uiteindelijke sukses van die projek sal bepaal.

Derdens word openbare deelname gekenmerk deur gesamentlike optrede deurdat die gemeenskap as 'n groep adviseer, besluit of optree met betrekking tot vraagstukke. Die implikasie hiervan vir die bestuur van 'n projek is dat die organisering van die gemeenskap om eendragtig op te tree, ook dikwels op die skouers van die projekbestuurder val.

In die vierde plek behels gemeenskapsdeelname 'n vennootskap tussen **gelyke** vennote vir die oplossing van probleme rondom die projek, wat soos volg beskryf kan word:

'Participation means partnership, connecting horizontally amongst people of equal status (not necessarily equal power) and vertically between those who set policies and those who live within the framework of those policies. And partnership means not only that one shares *in* the action of others, but is involved *with* others, developing options, negotiating priorities and agreeing on directions' (Goethert & Hamdi, 1988: 24).

Gemeenskapsdeelname aan projekbestuur is egter 'n uiters komplekse saak, waar die klem op die **proses** (van deelname deur die bevoorreedes) eerder as op die **produkt** behoort te val, wat soos volg deur Goethert & Hamdi beskryf word:

'It is characterized by innumerable groups of people with competing vested interests, conflicting values and priorities, and by fragile yet productive networks and relationships, high densities, petty economies and technically difficult-to-service neighbourhoods. Statistical information is hard to get, and even when it is not, it often hides as much as it reveals. Governments want quick visible results which can rapidly expand the scale of their operation, but find themselves encumbered with processes and conditions which do not fit their general schema nor any general theory of planning and with which they are ill equipped to deal. What they confront are processes which are spontaneous, intuitive, incremental, mostly unregulated and with a large measure of adhocism.

And what they also confront are people who like "planning" because it gives them more than they had before, but *mistrust* it because they always get less than they expect' (1988: 16).

Dit is juis hierdie klem op die **proses**, wat meestal tydsaam, frustrerend en herhalend kan wees en noodwendig demokraties is, wat volgens Bamberger (1988: 6) die grootste uitdaging aan die doelgerigheid en enkelpuntverantwoordelikheid van die ervare konvensionele projekbestuurder bied.

In die geval van openbare sektorprojekte het die proses ten doel om die waardes van die owerhede en dié van die geaffekteerde gemeenskap(pe) uiteindelik te versoen. In die geval van privaatsektorprojekte het die proses ten doel om potensiële negatiewe uitwerking te identifiseer en te vermy of tot aanvaarbare vlakke te verminder, óf potensiële positiewe uitwerking te versterk. Die proses van projekformulering en projekbeplanning waarby geaffekteerde gemeenskappe insette lewer, behoort dus net so belangrik as die implementering beskou te word. Tensy hierdie (omvattende) proses deursigtig, geloofwaardig en vir die publiek aanvaarbaar is, sal weinig projekte deurgevoer kan word (Cuta, 1990: 2).

Doelwitte van gemeenskapsdeelname

Vir openbare sektorprojekte (dit is infrastruktuur, openbare voordeel of nie-winsgewend) behoort projekbestuur na die volgende doelwitte ten opsigte van openbare deelname te streef:

Om projek koste te deel

Deur betekenisvolle bydraes met betrekking tot die rigting en resultate van 'n projek met 'n gemeenskap te onderhandel en daardeur 'eienaarskap' van die projek en waarvan hulle uiteindelik die bevoorreedes gaan wees, in dié mense te vestig, kan legitieme verantwoordelikheid vir die verhaling van minstens 'n deel van die koste verwag (en beding) word. Talle voorbeelde bestaan in Suid-Afrika waar, na die spannering van kapitaal, die mense weier om vir die dienste te betaal omdat hulle na bewering nie geraadpleeg is of 'eienaarskap' verkry het nie. Dié verantwoordelikheid kan uitgeoefen word nie net deur huur- en diensgelde nie maar deur bydraes in die vorm van arbeid, onderhoud en selfs gereedskap. Dit sal ook die funksie van gemeenskapsdeelname wees om begrip vir die koste-elemente en aanspreeklikheid vir 'n regverdige gedeelte daarvan oor te dra.

Verhoging van projekdoeltreffendheid

Met tydige insette kan koste aanmerklik verminder word deur die vermindering van vertraging, diefstal en vandalisme, deur 'n gladder verloop van sake en 'n algemene klimaat van samewerking en derhalwe ook verhoogde vlakke van toesig wat produktiwiteit dramaties verhoog (*Siviele Ingenieurswese*, 1993: 9). Gewoonlik kan die inwoners se kennis van plaaslike omstandighede ook voordelig benut word, wat die reeds genoemde standpunt van Goethert & Hamdi (die 'ITK') bevestig.

Verhoging van projekteffektiwiteit

Met 'n effektiewe projek word doelwitte bereik in ooreenstemming met 'n gemeenskap se **behoefes en beperkings** en waar die voordele verkry word deur dié vir wie dit beoog is. Volgens Cuta (1990: 26) kan dit verkry word deur 'n proses om die owerheid se begrip vir en empatie met die publiek se opinie te verseker; om die publiek se hulp met die identifisering van alternatiewe en die selektering van

alternatiewe optredes te verkry; en om die publiek se begrip vir owerheidsprogramme en die implikasies van potensieël alternatiewe te verseker.

Bou die bevoordeelde se vermoëns ('capacity building')

Hierdie doelwit beteken dat die bevoordeeldes nie net fisiese produkte kry nie, maar dat hulle deur aktief betrokke te wees in projekbeplanning en -implementering ook verskillende vaardighede op die een of ander manier verwerf. Stewart (1993: 22) is van mening dat dit 'n noodsaaklike doelwit reg van die begin af moet wees omdat hy gevind het dat die vermoë van die gemeenskap om deel te neem, nieteenstaande die projekpromotor se gewilligheid om hulle te betrek, dikwels beperk word deur 'n gebrek aan kennis en 'n gebrekkige vermoë om redelike oordeel oor hulle eie deelname te maak. Goethert & Hamdi (1988: 18) het bevind dat 'n gebrekkige vermoë om die probleem behoorlik te kan omskryf ('articulation of the problem') en om 'n gepaste raamwerk te kan formuleer waarteen alternatiewes opgeweeg kan word, dic vermoë om deel te neem ernstig benadeel. Landelike gemeenskappe is in die opsig gewoonlik nog slegter daaraan toe.

Een manier om vaardighede te ontwikkel, is deur 'n bestuurde konstruksieprogram ('managed construction-programme') met die aanwending van 'gemeenskapskontraakteurs'. Dit beteken dat individue uit die gemeenskap toegelaat word om klein gedeeltes van die werk met behulp van ander persone (ook uit die gemeenskap) uit te voer, as **entrepreneurs in plaas van direk geëmplojeerde arbeid** (Siviele Ingenieurswese, 1993: 8). Verder kan die ontwikkeling van vaardighede ook verkry word deur formele leierskapsontwikkelingsprogramme, leer deur self te doen, die bewustheid van 'bemagtiging deur vaardigheid' te verhoog, of die gebruik van nabootsingsprogramme waardeur persone (en gemeenskappe) leer om hulle eie behoeftes te verstaan en alternatiewe oplossings te identifiseer. Dit impliseer dat elemente van **mentorskap en opleiding in die projekuitvoering en in die kontrakadministrasie** voorsien moet word, wat duidelik 'n nuwe, belangrike dimensie by die taak van die projekbestuurder voeg.

Bemagtiging

Bemagtiging van mense beteken dat hulle die vermoë verwerf (of ontwikkel) om self oor hulle toekomstige aksies te besluit. Hiertoe is gemeenskapsdeelname ongetwyfeld 'n instrument. Die implikasie hiervan is egter dat die projekbestuurder nie meer die uitvoering van 'n projek in 'n gebied (of gemeenskap) volgens 'n voorafbeslote plan op 'n bo-na-onder wyse kan aanpak nie. Konsultasie, kommunikasie en deelname deur die publiek ten einde hulle in staat te stel (te bemagtig) om betekenisvolle beheer te kan uitoefen oor die uiteinde van die projek, sal derhalwe vereistes van die projekbestuursprosesse wees.

Melding is reeds gemaak dat privaatsektorprojekte toeneemend in agtergeblewe gebiede gevestig sal word, byvoorbeeld winkelsentrums, kantore, skoon nywerhede, ensovoorts. Die betrokkenheid van die gemeenskappe in die omgewing van sulke projekte kan (sal?) ongetwyfeld die suksesvolle bestuur daarvan beïnvloed. In daardie gevalle is koste en bemagtiging nie oorwegings nie; wel projekteffektiwiteit en -doeltreffend-

heid. Die aantal projekte in Suid-Afrika waar hierdie konsep geïgnoreer is tot die nadeel van skedules, koste en effektiwiteit van die projekte, neem steeds toe. Voorbeelde sluit in die Houtbaai Kaolien-mynprojek (kwaai weerstand van omgewingsbewustes wat na bewering nie geraadpleeg is nie); die 'Namaqua Sands'-projek (bewerings deur die boeregemeenskap dat die projek die [alreeds] swak infrastruktuur beskadig, en dat beloftes in dié verband deur die projekpromotor nie nagekom is nie); die 'St Lucia Dunes'-mynprojek (lang uitgerekte toutrekkery met die omgewingsbewustes).

Impak van sosiale en gemeenskapsdinamika op projekbestuur

1. Die bestuur van projekte omvat nie net die bereiking van tegniese doelwitte binne fiskale beperkings nie, maar sal ook die 'bestuur' van die sosiale stelsel moet behels, wat die volgende moet insluit:
 - identifisering van die **elemente** van die sosiale stelsel van die omgewing waarin die projek geplaas moet word, sowel as die identifisering van die **kritieke verwantskappe** tussen die elemente (kyk Bylae A); en
 - organisering van gemeenskapstrukture wat hierdie elemente en verwantskappe sal ondersteun, met die bedoeling om konsultasie, kommunikasie en konsensus met die gemeenskap te bevorder. As eerste kontak kan ekonomiese en ontwikkelingsforums benut word. Hieruit word spesifieke projekforums saamgestel, bygestaan deur werks- of moniteringskomitees wat met mindere of meerdere mate van sukses al beproef is. Die rol en posisie van die projekbestuurder in hierdie komitees, veral ten opsigte van die behoud van die bestuur en beheer van die projekspan moet baie deeglik, tydig uitgepluis word. Ervaring het geleer dat aansienlike heroriëntering van projekbestuurders en baie dikwels van burokrate, deur middel van opleiding nodig is om met plaaslike groepe te skakel en saam te werk eerder as om hulle as 'n bedreiging te beskou.
2. Soos verwag kan word vanuit die 'politiek van die dag' is die sosiale dinamika binne gemeenskappe sterk ingestel op die verkryging van 'n (meer) regverdigde samelewing. By implikasie sal dit met 'n sigbare ekonomiese en welvaartsverdeling gepaard moet gaan. Om dit op 'n volgehoue basis te verkry, kan met die bestuur van projekte 'n bydrae gelewer word deur projekte te gebruik vir:
 - die skepping van entrepreneurskap en begrip vir besigheds- en vrye markbeginsels;
 - opleiding in tegniese en bestuursvaardighede;
 - mentorskap van gemeenskapskontraakteurs; en
 - toepaslike tegnologie aan te wend wat voorsiening maak vir verhoogde hande-arbeid.
3. Enige projek sal weens die feit dat dit bedoel is om 'n verandering te weeg te bring, sosiale dinamika van die een-of-ander aard binne die betrokke sosiale stelsel ontketen. Die projekspan is dus daarop aangewese om koalisies binne die gemeenskap op te bou om hierdie dinamiese sosiale interaksie positief te beïnvloed en tot suksesvolle bestuur van die projekte aan te wend (Goethert & Hamdi, 1988: 5&7).
4. Die projek, die politiek wat onlosmaaklik verweef is met die verwagtinge van die gemeenskap, en die moontlike

ekonomiese gevolge van die projek is inderdaad almal elemente van die plaaslike sosiale stelsel. Uit die aard van 'n stelsel, waar geen element onafhanklik kan optree nie, sal bestuursbesluite dikwels politieke keuses sowel as ekonomiese/tegniese keuses in ag moet neem. Meer as 'n werkbare kennis van die 'politiek van die dag' in die teikengebied is dus noodsaaklik (Mokgoro, 1993).

5. Die projekspan moet aanvaar dat die bevoorreedes/geaffekteerde gemeenskap die rigting en resultaat van die projek sal beïnvloed. Dit sal in die meeste gevalle 'n grondige impak op die prosesse vir die formulering van die projekomvang en op die konsepfase van die projeklewensiklus hê. Verskeie siklusse van 'n verkenning- of konsepidentifiseringsproses word gewoonlik benodig. In hierdie fase sal onderhandelings-, **bemarkings**-, openbare betrekkinge- en innovasievaardighede, sowel as begrip van die dinamika in die teikengemeenskap, tot die uiterste beproef word (kyk Bylae C).
6. 'n Bo-na-onder benadering tot gemeenskapsdeelname en formulering van die projek se omvang is nie uitvoerbaar nie. Dit moet vervang word met 'n 'middel-uit'-benadering waar die projekbestuurder en die gemeenskap vennote word in die soektog na wedersyds voordelige oplossings.
7. Volg 'n stadig-vinnige benadering in plaas van 'n vinnig-stadige benadering.

In die vinnig-stadige benadering, is projekformulering hoofsaaklik 'n tegniese oefening, voorberei deur die projekpromotor se professionele span. Betrekking van die publiek is slegs 'n plig sover dit wetlik vereis word. Wanneer planne dan geopenbaar word, word gewoonlik sterk weerstand ondervind wat die doelwitte van die promotor bedreig. Die tyd spandeer aan konsepformulering is 'n minimum, maar tyd spandeer aan ontwikkeling en uitvoering, asook vir projek- en plangoedkeuring kan baie uitgerek raak omdat **mense negatief reageer wanneer hulle 'n persepsie het dat al die belangrike besluite alreeds geneem is**. Openbare weerstand en skeptisisme is die gevolg.

In die stadig-vinnige benadering word openbare betrokkenheid van die eerste oomblik af nagestreef en dit word volgehou vanaf goedkeuring deur implementering tot monitering. Konsepformulering en planvoorbereiding is stadig, terwyl ontwikkeling, goedkeurings en implementering vinnig verloop omdat die mense vol vertroue is dat die projekplan sake sal aanspreek en oplos wat vir hulle betekenisvol is.

Strukture vir die hantering van gemeenskapsdinamika

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat gestreef moet word na fasilitering van projekimplementering **saam** met die gemeenskap en nie **vir** die gemeenskap nie. Ten einde struktuur hieraan te verleen, maak Stewart (1993: 22-26) die volgende aanbevelings:

1. Maak die vroegste moontlike kontak met die gemeenskap om so gou moontlik bewustheid en begrip vir die rede vir die projek en die voordele daarvan te probeer vestig.
2. Bied daarom allereers die basiese beweegredes en uitgangspunte ten opsigte van die projek aan al die mense op 'n openbare vergadering. Laat hulle toe om 'n projekforum te stig vir onderhandeling met die projekpromotor oor daardie aspekte wat hulle glo hulle sal beïnvloed.
3. Vestig 'n gereelde kommunikasie- en inligtingsprogram (-sentrum) gekoppel aan 'n werkskomitee wat dien as skakel tussen die publiek (deur die projekforum) en die bestuur van die projek. Skep dus 'n klimaat van samewerking en deelname deur 'n wedersydse behoefte aan deelname en inligting te bevestig.
4. Om 'n projek moontlik te maak moet die 'kliënt vir die projek' en die 'kliënt vir die produk' konsensus bereik. Die projekforum kan hiervoor aangewend word, wat aanleiding gee tot 'n organisasiestruktuur soos getoon in Bylae D.

Daar is reeds aangetoon dat die projekspan nie 'n vooraf bepaalde projekkonsep na die gemeenskap kan bring nie, maar 'n proses van projekkonsepvorming saam met die (georganiseerde) gemeenskap moet deurloop, soos in (1) tot (3) hierbo uiteengesit en geïllustreer in Bylae C. Hierdie fase kan as 'n voorloper tot die konvensionele projeklewensiklus beskou word, is nie serieel nie en kan teweens verskeie siklusse benodig voordat voldoende konsensus met en in die gemeenskap bereik word.

Samevatting

Die meeste ingenieurs en projekbestuurders bestee weens hulle opleiding slegs geringe, indien enige, aandag aan die faktore en dinamika van die sosiale omgewing waarin hulle projekte moet beplan en uitvoer. Die kontemporêre situasie in Suid-Afrika, en wat waarskynlik nie in die afsienbare toekoms sal verander nie, is egter dat 'n projek eintlik net 'n element word van die sosiale stelsel heersend in die betrokke omgewing. Dit beteken dat die sosiale dinamika wat binne so 'n stelsel ontstaan nou primêre aandag moet kry en 'n belangrike suksesfaktor geword het by die implementering van enige projek wat die potensiaal het om 'n gemeenskap te beïnvloed.

